Woensdag **10 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 62**

**Fokusgedeelte: Psalm 62:10 (AFR83)**

**Vertrou op God alleen vir bevryding**

Wanneer ’n mens Psalm 62 lees, identifiseer jy sommer gou met die omstandighede en die emosies van die digter. Hy ervaar stres, teenkanting en bedreiging. Dinge wat ons in die tyd waarin ons leef, ook dikwels ervaar.

Daarom word hierdie Psalm soms die stres-psalm genoem. Ons moet egter bietjie dieper lees. Dis eintlik ’n lied waar die digter innerlike rus besing. Hy leer die leser hoe om op aanvegting, teenkanting en stres te reageer. Hierdie is waardevolle raad, want Dawid het ondervinding van teenstand en bedreiging.

Sy praktiese raad is, verrassend genoeg, om te wys wat mens nie in hierdie tye van stres moet doen nie. Jy moet nie op mense vertrou nie. Hulle is oneerlik, vertrou op aardse skatte en val terug op geweld. As jy dink jou uitkoms lê by ander mense, maak jy ’n fout. Hulle weeg niks in God se skaal nie. Mense van hierdie wêreld is soos ’n asempie. Hulle raad en steun beteken niks.

Dawid se raad is dat jy op God alleen vir bevryding moet vertrou. Sy onderrig kom hier in die vorm van ’n geloofsbelydenis. Hy praat uit eie ervaring. In hierdie lewensles van die digter hoor ons Jesus se woorde eggo: “Julle moet nie ontsteld wees nie, glo in God; glo ook in My” (Joh. 1:14).

In ’n wêreld vol stres vind die gelowige geborgenheid by God alleen. So word ’n donker gemoed gelig. Hy alleen het mag om jou van jou probleem te bevry. Bly op Hom vertrou, Hy sal jou nooit in die steek laat nie.

*Sing: Psalm 62-1:1, 6*

*Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)*